

Woensdag 22 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:8-13

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:8

Onthou God se wonderdade in swaarkry!

Die brief 2 Timoteus is geskryf in die tydperk wat Paulus in die tronk sit. Hy is op die punt om doodgemaak te word. En tog sien mens dat Paulus rustig oor die dood is. Hy is rustig, want hy onthou dat God getrou en almagtig is. Hierdie herinnering is gegrond op die versekering van Jesus Christus se opstanding uit die dood.

Die woord “onthou” in hierdie konteks beteken nie om net van iets kennis te neem nie. Dit is om herinner te word aan ’n lewensbelangrike feit wat op jou van toepassing is, en dan daarop te reageer. Om net aan ’n feit herinner te word, maak nog nie dat jy daarop reageer nie.

Gelowiges deur al die eeue heen word opgeroep om te onthou. Ons word spesifiek op-geroep om God se wonderdade te onthou, wonderdade wat hulle vervulling in Jesus Christus se oorwinning vind. In Eksodus 13:3 het Moses vir die volk gesê: “Onthou die dag waarop julle uit Egipte, uit die plek van slawerny, weggetrek het, want dit is deur sy groot mag dat die Here julle daaruit bevry het.” Ons word elke Sondag daaraan herinner as ons die wet lees. *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.*

As dit moeilik gegaan het met God se volk, dan het iemand hulle geskiedenis vir hulle vertel. Daardeur is hulle aan God se magtige dae herinner. Hulle het dan onthou dat God by hulle is, dat Hy getrou is. Vandag nog laat God ons sy magtige dae deur sy Woord en Gees onthou.

In ons swaarkry kan ons onthou dat Jesus vir ons uit die dood opgewek is! Ons kan ont-hou dat God ons al klaar van die ewige dood verlos het, en dan verder op Hom vertrou.

Sing: Psalm 103-1:1

Ds. Zander van't Zand (Middelburg-Noord)